
# Welkom by
# NG The Reeds

## Veilige hawe
## vir nuwe hoop

Saam bou –
van 'n geknakte gees
tot nuwe harte


CHRISTUS WERK EN LEEF IN, MET EN DEUR ONS
THE REEDS

# Votum



Ons hulp is in die Naam van die Here,
die Groot Boumeester van sy kerk —
Hy wat die mure van verwoeste stede
herstel, maar meer as dit - nuwe harte oprig
wat Hom dien. Hy maak ons bymekaar as
lewende stene om sy geestelike huis te wees,
waar sy Gees nou woon.

# Seëngroet



Genade en vrede vir julle
van God ons Vader,
van Jesus Christus ons Verlosser,
en van die Heilige Gees
wat ons harte nuut maak
en ons opbou tot sy kerk as sy ligdraers

# Lied 201: 1

Lofsing die Heer,

buig voor Hom neer;

bewys aan Hom die eer.

Laat elke mond Hom loof en prys

*en Hom erken as Heer (2x)*

en Hom, ja Hom erken as Heer.

# L 201:2

**Lof aan die Heer, verheerlik Hom;**

**wees vrolik, juig en sing.**

**Laat al wat leef Hom dank en prys,**

***aan Hom die hulde bring, (2x)***

**aan Hom, aan Hom die hulde bring.**

# L 201:3

**Lofprys die Heer, besing sy Naam -**

**sy hele skepping juig.**

**Laat almal saam Hom eer betoon**

***en voor hul koning buig, (2x)***

**en voor, ja voor hul koning buig.**

# Nehemia



# JSB 51 vers 1

| Mans: | Vroue: |
|---|---|
| As ek soek, | As ek soek, |
| In duister tas, | In duister tas, |
| dan sien ek hel-der | dan sien ek hel-der |
| ster-re skyn. | ster-re skyn. |
| En ek vra: | En ek vra: |
| Wat is die mens? | Wat is die mens? |
| God dink aan ons! | Dink God aan ons? |

Hy dink aan my.

# JSB 51 vers 2

**Mans:**

As ek sien,
daar in die krip,
die kindjie Je-sus -
mens vir ons...
sing ek saam
met almal saam:
- Hy het gekom -

**Vroue:**

As ek sien,
in doeke lê,
die kindjie Jesus -
mens vir ons...
sing dan saam
met almal saam:
- Hy het gekom

God is met ons

# JSB 51 vers 5

| Mans: | Vroue: |
| --- | --- |
| Jesus, Heer, | U’s my Heer! |
| ons loof U saam! | Ons prys u Naam! |
| Laat, Heer ú lief-de | Laat naasteliefde |
| groei in my. | Groei in my. |
| Sing dan saam. | Sing dan saam, |
| almal tesaam: | almal tesaam: |
| Die Here leef! | God, deur sy Gees, |

God is met ons!

# Nehemia



# Esra-Nehemia




**Serubabel**

(Esra 1-6)

Lei groep terug

**Herbou tempel**

1. **Dekreet**
2. **Opposisie**
3. **Antiklimaks**

**Esra**

(Esra 7-10)

Onderrig in wet

**Herbou gemeenskap**

1. **Dekreet**
2. **Opposisie**
3. **Antiklimaks**

**Nehemia**

(Neh.1-7)

Jerusalem

**Herbou mure**

1. **Dekreet**
2. **Opposisie**
3. **Antiklimaks**

# Nehemia 1:1-11

1. Die verhaal van Nehemia seun van Gakalja. Dit was in die
maand Kislef, die twintigste jaar. Ek was in die vestingstad
Susan. 2. Ganani, een van my mede-amptenare, het daar
aangekom uit Juda, hy en 'n paar ander manne. Ek het by hulle
navraag gedoen oor die Judeërs wat uit die ballingskap
vrygelaat is en terug-gegaan het, en oor Jerusalem, 3. en hulle
het vir my gesê: **“Die ballinge wat teruggegaan het, beleef
daar in die provinsie Juda groot ellende en smaad. Die
muur van Jerusalem lê om, en die stadspoorte is
verbrand**.” 4. By die aanhoor van dié woorde het ek gaan sit en
gehuil en dae lank getreur. Ek het gevas en tot die God van die
hemel gebid.

Verwaarloosde plekke kommunikeer baie meer as net verwaarlosing

Dit gaan dikwels oor 'n geknakte gees




Jerusalem se plat mure was
vir Nehemia ‘n teken van
‘n geknakte gees

# 1. Geraakte harte – die eerste tree na Goddelike visie (4)




• Sien en voel wat God sien en voel
• Bid en begin God se prentjie sien.
• Hoekom kry alle mense wat geraak is dan nie hierdie visie nie?

***Die bouwerk begin*** (Hoofstuk 3 vertel wie waar gebou het).

3:28. Die stuk van bokant die Perdepoort af is deur die priesters herstel, **elkeen die gedeelte regoor sy huis**.

***Pogings om die bouwerk tot stilstand te bring*** (Smalende spot).

4:6. Ons het bly bou aan die muur. Die hele muur was al halfpad opgebou. Die mense se hart was in die werk… *13. Ek het die volk, gewapen met swaarde, spiese en pyle en boë, familiegewys ingedeel en hulle stelling laat inneem agter die muur onderkant elke plek waar die muur nog nie hoog genoeg was nie. 14. Daarna, toe ek agterkom dit is nodig, het ek die vooraanstaande burgers, die ampsdraers en die res van die volk toegespreek: "Moenie vir hulle bang wees nie. Dink aan die Here, groot en ontsagwekkend, en veg vir julle broers, julle seuns en julle dogters, julle vrouens en julle huise."*... (Hoofstuk 5 gaan oor etiese onreg en -staatmanskap)

***Voltooiing van die muur***(Na etlike pogings van die vyand om bouwerk te stop...)

6:15. Die muur is voltooi op die vyf en twintigste van die maand Elul, binne twee en vyftig dae. 16. Toe al ons vyande dit hoor, en die nasies rondom ons dit sien, was hulle selfversekerdheid daarmee heen. Hulle het toe geweet ons doen hierdie werk met die hulp van ons God.

# Hoop gebore uit wanhoop



Sometimes we must be hurt in order to grow.


Sometimes we must fail in order to know.

Sometimes we must lose in order to gain.

Because some lessons in life are best learned through pain.

WWW.LIVELIFEHAPPY.COM

# Geraakt harte neem inisiatief



***Die byeenkoms by die waterpoort*** 8:6. Esra het hoër gestaan as die hele gemeente en het die boek voor almal se oë oopgemaak. Toe hy dit oopmaak, het die hele gemeente opgestaan. 7. Esra het die Here, die grote God, geprys en die hele gemeente het met die hande omhoog geantwoord: "Amen, amen." Toe kniel hulle en buig diep voor die Here... Die wetboek is gelees. 10. Nehemia die goewerneur, die skrifgeleerde priester Esra en die Leviete wat die gemeente onderrig het, het vir die hele gemeente gesê: "*Hierdie dag word gewy aan die Here julle God. Moenie treurig wees nie, moenie huil nie*." Dit was omdat die hele gemeente gehuil het by die aanhoor van die wet. 11. Nehemia het verder gesê: "Gaan vier fees, eet en drink, en deel uit aan dié wat niks voorberei het nie. Hierdie dag word gewy aan ons Here. Moenie bedroef wees nie; as julle die Here met blydskap dien, sal Hy julle beskerm."


Fisiese bouwerk
verander nie
lewens nie

# Esra-Nehemia




**Serubabel**

(Esra 1-6)

Lei groep terug

**Herbou tempel**

1. **Dekreet**
2. **Opposisie**
3. **Antiklimaks**

**Esra**

(Esra 7-10)

Onderrig in wet

**Herbou gemeenskap**

1. **Dekreet**
2. **Opposisie**
3. **Antiklimaks**

**Nehemia**

(Neh.1-7)

Jerusalem

**mure herbou**

1. **Dekreet**
2. **Opposisie**
3. **Antiklimaks**

# Gevolgtrekking van die boek:

## Positief (Neh. 8-12)

- Geestelike vernuwing;
- Vergader almal - vier fees;
- Lees Torah vir 7 dae;
- Vier Huttefees;
- Bely sonde, vernuwe verbond, verbind hulle om wet te gehoorsaam;
- Fees: inwyding van muur.

## Negatief (Neh. 13)

- Nehemia gaan deur die stad en vind:


i. Serubabel se werk onklaargemaak

ii. Esra se werk in gedrang;


iii. Sy werk ook in gedrang.

- Nehemia tree in woede op
- Boek eindig met **Antiklimaks**

# Alhoewel terug in die land, is hulle




# geestelike toestand onveranderd



Geloofsgewoontes verander nie noodwendig harte nie




’n Hart wat verander,
is die begin
van ’n
nuwe
lewe!

# Gebed



Here, ons ken die chaos van ballingskaptye in ons lewens;

Ons erken dat dit ons totale menswees raak en ontwrig.

Ons bely dat ons dan vêr van U af voel en U dikwels kwalik neem.  Ons erken dat ons dan so dikwels lamgelê word en van U af wegdryf. Ons erken dat ons dan so dikwels self die chaos probeer regmaak en selfs U plek begin oorneem soos Adam en Eva, Kain en Jona wat dan uit verontregting onder ons komkommerplante selfsugtig begin lewe en die dood bo lewe kies. Here, ons erken dat ons dikwels so stukkend is, dat ons wil ophou lewe. Here, ons bely ons sefsug, hardkoppigheid, eie geregtigheid en al ons pogings om onafhanklik van U te lewe.

Dankie, dat U ons kom opsoek soos Adam en Eva, Kain, Jona en Job;

Dankie, dat U ons raaksien en in U teenwoordigheid kom intrek,

U arms om ons vou soos ’n Job, ons omsluit van alle kante soos die Psalmskrywer; Dankie, dat U ons in ons ballingskap kom aanraak en heelmaak; Dankie, dat U ons opnuut kom herinner wie U ons gemaak het; Dankie, dat U ons kom wys het hoe U agter die skerms van ons lewe teenwoordig is en werk; Dankie, dat U selfs vreemde mense gebruik om U almag vir ons te wys; Dankie, dat U ons uit ons ballingskap kom bevry; Dankie, dat U ons klip harte kom vervang met nuwe harte; Dankie, dat U ons verteenwoordigers van orde maak in die chaos van die lewe; Dankie, dat ons U weer kan sien!

Here, ons haal vandag opnuut weer ons liere van die wilgerbome af

Here, ons verbind ons vanoggend opnuut aan U;
Ons verbind ons opnuut aan ons gesin en huismense
om daar te bou;
Ons verbind ons opnuut aan ons roeping om as U kerk te lewe;
Ons verbind ons opnuut aan ons roeping in U Koninkryk
waar U ons geplaas het;
Ons verbind ons opnuut aan ons land en sy mense –
om heel te maak wat deur ballingskap stukkend gemaak is;
Here, ons haal vandag opnuut weer ons liere van die
wilgerbome af, want ons wil sing!



Kom ons bou saam!

Ons het ‘n geknakte gees gehad.

God gee ons vandag nuwe harte

Vandag lê ons klippe neer —
nie net as teken van die herbou van ons lewens nie,
maar as ’n teken van verbintenis,
’n herinnering dat elkeen van ons
’n lewende klip is in die huis wat God bou.
Mag hierdie klippe getuig van harte
wat aan Hom behoort, en ’n gemeenskap
wat deur sy genade gevorm word.

# I Surrender

With every thought and every word

With every breathe and all that I am

I want to love you as long as I live

For you are my God…

I surrender, I surrender all.

With every step and every hand

With every thing that’s in my heart

I want to serve you as long as I live

For you are my King…

I surrender, I surrender all.

All my life and all my needs

All my ways and all of my deeds

I want to follow you every day


For you are my Lord…

I surrender, I surrender all.

# Dankoffers



# Seën



Die Here wat mure herstel en harte nuut maak,
sal jou geloof versterk, jou liefde verdiep,
en jou lewe gebruik om sy lig te weerspieël.
Gaan leef as lewende klippe in sy hand.
Amen.